Deel V Nr 7




# A.S.B. SPREEK HOM STERK UIT TEEN N.U.S.A.S.

**„Die houdinng van die A.S.B. t.o.v. N.U.S.A.S. is om die doelstellings van die A.S.B. te bewaar, te bevorder, en die blanke Christendom in S.A. te beskerm," het Mnr. Nieuwoudt, U.P. Buitemuurs se afgevaardigde, op die onlangs gehoue A.S.B. kongres op Potchefstroom verklaar.**

**Voorts het hy gesê dat die enigste ooreenkoms wat daar tussen die A.S.B. en N.U.S.A.S. bestaan, daarin geleë is dat hulle albei studente-organisasies is, dog dit is twee onversoenbare organisasies a.g.v. botsende doelstellings. Om hierdie rede is die A.S.B. geensins bereid om op enig gebied met N.U.S.A.S. saam te werk nie, en die A.S.B. sal gevolglik alles in sy vermoë doen om N.U.S.A.S. die hoof te bied.**

**Verder is dit aan die hoofbestuur opgedra op voorstel van Mnr. Willem de Klerk, om die stryd teen N.U.S.A.S. op 'n aktiewe grondslag aan te knoop.**

T.o.v. die Engelse Universiteite en Engelse studentegroepe meen die kongres om die gesonde gedagtewisseling en samewerking met sodanige nie-N.U.S.A.S. Engelse universiteite op die beste manier te bevorder, omdat die A.S.B. aanvaar dat die Afrikaanse en Engelse studente gesamentlik 'n taak het om in hierdie land te volvoer, as die latere leiers en intelligensia van ons land. Die A.S.B. kan nie anders as om te hoop dat hierdie koördinasie bewerkstellig sal word tot groter welvaart van ons land en tot eer van God.

Die A.S.B. meen dat dit nie sy doel is om die Engelse studentegroepe in die Bond te probeer opneem nie, maar hy hoop om federaal-uitvoerend met 'n dergelike Band van Engelse studente op nasionale grondslag saam te werk vir gemeenskaplike studentebelange.

Aangaande die verhouding tot nie-blanke universiteite is bepaal dat die A.S.B. hom aparte universiteite vir blank en nie-blank in verskillende aparte territoriale gebiede ten doel en as uiteindelike ideaal stel. Die huidige status quo aan gemengde universiteite word betreur. Afsonderlike fasiliteite aan hierdie inrigtings word versoek om die huidige toestand die hoof te bied. Administratiewe en akademiese kontak met nie-blanke universiteite (op die oomblik Fort Hare en Tasin) sal gemaak word op federaal-uitvoerende basis by wyse van rondetafel-konferensies.

**Verteenwoordiging sal geskied in ooreenstemming met die getal blanke en nie-blanke universiteite wat op die oomblik bestaan. Daar sal geen sosiale vermenging wees nie. Vir die prinsipiële begronding van hierdie standpunt is verwys na die A.S.B. Kongres van 1949 te Stellenbosch.**

**Die Kongres het hom ook onomwonde ten gunste van C.N.O. uitgespreek. Hier moet vermeld word dat kongresgangers** die geleentheid gehad het om vooraanstaande persone in die onderwyswêreld soos **Proff. G. Cillie van Stellenbosch, J. Chris. Coetzee en Dr. D. H. Cilliers** sowel as **Mnr. J. H. Greybe, L.P.R.** se menings oor die verskil lende aspekte van C.N.O. te verneem. Die kongres het hom as volg uitgespreek t.o.v. C.N.O.: **„Hierdie kongres spreek hom uit ten gunste van C.N.O., en wel so dat C.N.O. as eenheidsbegrip gesien moet word en nie as twee aparte begrippe nie Die nasionale is 'n noodwendige resultaat van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die Kongres glo dat C.N.O. prakties uitvoerbaar is en dit is ons oorwoë mening dat C.N.O.-onderwys, hoër sowel as middelbaar en laer, prinsipieel.**

(Vervolg op Bls. 9, Kol. 3).

## NUWE A.S.B.-HOOFBESTUUR.

**Dit is vir die Redaksie aangenaam om die volgende persone geluk te wens met hulle verkiesing op die A.S.B.-Hoofbestuur.**

**W. J. de Klerk: President P.U.K.)**

**C. F. Nieuwoudt: Vise-President (U.P. Buitemuurs).**

**J. Heyns: Sekretaris (U.P.)**

**H. J. de Vos: Penningmeester (Stellenbosch).**

**S. A. Strauss: Direkteur van Publ. en Propaganda (Stellenbosch).**

**N. J. Mostert: Direkteur van Studie en Navorsing (U.P.)**

**J. Rolfes: Direkteur van Toere en Buitelandse betrekkinge.**

**D. J. Hattingh: Streekverteenwoordiger van die Suide (Stellenbosch).**

**A. M. Heyns: Streekverteenwoordiger van die Middelleemte (P.O.K.)**

**P. J. van B. Viljoen: Streekverteenwoordiger van die Noorde (Wits-tak).**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

**PLAZA-KAFEE**

(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

* * *

Vir———

GOEIE EN NETJIESE DIENS,

Probeer die

**PLAZA,**

**Die Sportman se Kafee.**

**Foon 249.** **Kerkstraat 109.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J. P. V.D. WALT.** L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

*Die Wapad.*

11 Augustus, 1950.

# STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur** P. J. W. Louw. **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Hulp-Adviseur:** J. T. Herselman.

**Subredakteure:** J. H. Booyens, D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Rand.

## NOG 'N INRIGTING VIR C.H.O.?

Die F.C.S.V.-Kongres wat 28 en 29 Julie in Bloemfontein gehou was, het sy heelhartige steun beloof aan die vereniging wat onlangs gestig is wat hom dit ten doel stel om hom te beywer vir Hoër onderwys op Christelike grondslag. Dit was 'n verrassing vir die P.U.K.-verteenwoordigers en inderdaad iets waaraan elke P.U.Kaner sy heelhartige steun kan toesê. Dit sal 'n bate vir ons land wees om nog 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys in ons midde te ontvang. Wat die verhouding van hierdie vereniging tot P.U.K. betref, kan nog nie met sekerheid bepaal word nie. P.U.K. besit nog baie uitbreidingsmoontlikhede en as enigste inrigting vir C.H.O. in Suid-Afrika op die oomblik, val die nie te twyfel dat hierdie vereniging ons inrigting nie uit die oog sal verloor nie. Dit sal ongetwyfeld 'n gesonde beleid wees om eers toe te sien dat P.U.K. wat pas selfstandig geword het, so ver ontwikkel dat hy in staat is om op al die terreine van die wetenskap Christelike onderwys kan bied. Eers dan sal die tyd ryp wees om te dink aan 'n tweede Universiteit vir C.H.O. Die gevaar bestaan daar, dat albei kan doodbloei as daar nog 'n sodanige inrigting gestig word want dit sal kragverdeling onder die geledere van die Afrikaners wat bewuste kampvegters vir Christelike Hoër Onderwys is, beteken.

## DIE INTER-STUDENTE-RAADSKONFERENSIE.

Die inter-studenteraadskonferensie wat gedurende die afgelope vakansie op Potchefstroom gehou was, kan geluk gewens word met die groot mate van grootmoedigheid wat aldaar openbaar is.

Die Konferensie het hom dit ten doel gestel om al die S.-Afrikaanse studente se belange te behartig en trag steeds om die samewerking van Witwatersrand, Rhodes en Kaapstad Universiteite te verkry. Voordat oorgegaan kan word tot die vasstelling van 'n basis van samewerking, moet al die universiteite se verteenwoordigers mekaar eers ontmoet om samesprekings daaroor te hou. Indien so 'n basis nie gevind kan word nie, is samewerking reeds gedoen tot mislukking. Die konferensie se begeerte is egter om 'n poging aan te wend om al die universiteite van die land byeen te kry en dan in grootmoedigheid na 'n sodanige basis te soek.

Dit hang nou net van Wits, Rhodes en Kaapstad af of hulle bereid sal wees om na die volgende konferensie (van die 18e en 19e Augustus te Pietermaritzburg) verteenwoordigers sal stuur.

**Definisie vir 'n diplomaat:** 'n Persoon wat jou hoed en jas steel en dit dan so goed verduidelik dat jy hom jou horlosie op die koop toegee.

# Oordenking.

## DAN LEWE ONS NIE VERNIET NIE . . .

Psalm 90: 17:

**En laat die lieflikheid van die Here onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja die werk van ons hande, bevestig dit!**

Psalm 90—'n Gebed van Moses, die man van God.

Telkemale troon hierdie **bidder** voor Gods aangesig en pleit . . . pleit vir 'n skuldige en doemwaardige volk voor God op 'n woestynreis.

In Psalm 90 deurgloei die jubelsang dan ook Gods trou en Gods genade as die Ewige Onveranderlike . . . . ja van **ewigheid tot ewigheid** is U God, 'n toevlug van geslag tot geslag.

Hierteenoor ken Moses die **mens—kortstondig**, lewensduur soos **'n gedagte**, 'n lewe **omgeslaap** en as hy nog arbei, is dit **ongeregtigheid!**

Wat 'n treurige beeld van **nietige, verganklike** sondaarbestaan teenoor God se ewigheidslig!!

Lewe ons dan verniet?

God gebruik opeenvolgende geslagte van mense om die geskiedenis te voltrek na Sy einddoel. Geskiedenis is die vlammeskrif van God met menseletters . . . .

God gebruik die **goddelose**, die **luiaard**, die **destruktiewe werker**, elkeen in Sy Raad. Dit is die verbrande **as** wat geen ewigheidsbestand het nie . .

Lewe ons dan verniet?

God handhaaf Sy majesteit deur die **oordeel**—oordeel oor die mensearbeid. Maar God bied ook Sy **genade** aan Sy verbondsvolk. Daarom is Christus beide Wêreldregter en Genadedeur vir Sy gelowiges.

In Christus kry ons werk dan ook ewigheidsbeslag. Laat ons **biddend arbei**, in elke taak, tot Eer van God Drie-Enig! Laat ons smeek om die **heerlikheid** en **lieflikheid** van God oor vaardig te kry. Dan sal Sy Gees ons nietige menslike dade **ewigheidsbeslag** verleen . . . Dan sal ons werk, ook nou in ons voorbereiding aan 'n Uni-

(Vervolg na volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

versiteit, dien tot standhoudendheid, ook daar waar ons daarvan sal rekenskap gee aan geslagte wat nog moet kom . . . .

Dan leef ons werk deur Sy Gees van geslag tot geslag . . .

Dan leef ons nie verniet nie.. . .

B. SPOELSTRA.

## VAN S.R.-WEË . . .

**Namens die Studenteraad heet ons alle studente welkom met die aanvang van die tweede Semester.**

Daar is nog baie wat in die studentelewe gedoen moet word voordat bloktyd begin. Ons wil hoop dat die ondersteuning van die studente gedurende hierdie Semester nie sal verslap nie.

* * *

**'n Studenteraadskonferensie** het gedurende Juliemaand hier op P.U.K. plaasgevind. Al die universiteite was teenwoordig, behalwe Wits, Rhodes en Kaapstad. Daar is geen besondere besluite geneem nie. Die konferensie word in Augustusmaand voortgesit op Pietermaritzburg. Ons hoop dat Wits en Kaapstad daar teenwoordig sal wees. Die Augustus konferensie sal wys of Wits en Kaapstad samewerking begeer.

* * *

**Die A.S.B. kongres** het met sukses verloop van die 1e tot die 5e Augustus hier op P.U.K. Die Studenteraad wil al die studente bedank vir hulle opoffering in hierdie verband. Veral die eerstejaars word bedank vir die goedgunstige verhuising uit hulle kamers. Die A.S.B. bestuur word bedank... ..Spesiaal moet **Mnr. Fanie Botma** genoem word. Sy aandeel tot die sukses van die kongres was groot.

* * * *

**Namens die S.R. en Studente wil ons ons innige simpatie betoon aan Mnr. Wessels, een van ons eerstejaarstudente, met die afsterwe van sy moeder. Mag die Heilige Gees u troos en versterk.**

**Ook wil ons ons innige meegevoel aan Mej. H. Trunch langs hierdie weg betuig met die afsterwe van haar vader. Mag sy en haar familie met sterkte en berusting geseënd wees in hierdie tyd van beproewing.**


**J.N.J. KRITZINGER**

**FOTOGRAAF**

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**

**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**

**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**

**Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).**

**I. GLASER,**

**KING EDWARDSTRAAT 83.**

Die beste vir

**OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE.**

**Diens en Waarde is ons Leuse.**

**Foon 218. Bus 248.**

**Potchefstroom.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

KOM SIEN ONS

vir u

**FOTOGRAFIESE- en APTEKERSBENODIGDHEDE.**

GEEN EN VELLEMAN,

**King Edwardstraat 124, POTCHEFSTROOM.**

**Bespaar Tyd, Kragte en Skoene**



aan te skaf.

C. VAN DER MERWE,
**FIETSHANDELAAR.**
**Kerkstraat 92, Potchefstroom.**

T. H. BOLTON (Edms) Bp.
**BOU-AANNEMERS.**

VIR ENIGE WERK IN
WES-TRANSVAAL.

**Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718,**
**POTCHEFSTROOM.**

KOM NA——

POTCHEFSTROOM
**HANDELAARS**

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

**Fone: 259 & 250.**
**POTCHEFSTROOM.**

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

Geagte Redakteur,

Ek voel onthuts en ontsteld oor die toestande wat daar heers in ons tennis-klub. Ons is almal lede van 'n klub—maar is ons aktief? Word daar kans gegee vir studente om aktief op te tree? Nee! ons lektore wat tennis speel, ja, hulle is aktief. Hulle speel vir ons die intervarsity en hulle verloor of wen dit vir ons. Maar die arme student moet maar wag en sien totdat hy kans kry om eerste op die tennis-leer te kom om dan te hoop om 'n plek, al is dit dan sesde man in die span, te kry in die Intervarsity span. Ons het al half en half verneem wie die span vanjaar sal uitmaak. Onder andere sal van ons lektore en dosente weer deelneem. Is dit regverdig? Het hulle nie hulle jare van studente-sport gehad nie? Waarom die student s'n, hom ontneem? Is ons bang dat ons 'n pak sal kry en dat „versterkings" daarvoor nodig is? Waarom kan ons dan nie ons pak dra nie?

Op al hierdie vrae kan alleen die tennis-bestuur antwoord.

Ons hoop en vertrou ook dat hulle dit sal oorweeg en nadink oor die verlede.

Ek kan hulle verseker dat daar 'n keerpunt gaan kom—ons moet saamspan om te verhoed dat dit slegte gevolge kan hê.

Die uwe,

FABIOLA.

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

allernuutste waarby ingesluit die modieuse **„Cold Perm."**

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir
**SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.**

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

„Uitspan",
P.U.K. vir C.H.O.,
18 Junie, 1950.

Geagte Redakteur,

Uit „Fabiola" se brief in hierdie uitgawe blyk dit dat daar by sommige tennisspelers ontevredenheid heers oor toestande in die klub en oor die keuse van die Intervarsity-span. Die tennisbestuur meen egter in alle opregtheid dat hierdie ontevredenheid sonder grond is, en wel om die volgende redes:

Die tennisbestuur gee die lede kans vir aktiewe optrede deur hulle te laat uitspeel vir plekke op die tennisleer. (die onderneming is ongelukkig baie swak ondersteun), verder deur in te skryf vir die „Wilcocks-beker-toernooi" die liga wat 'n aanvang neem in die tweede semester en deur gereelde oefeninge te hou.

Die Intervarsity-span, wat gewoonlik uit ses spelers bestaan het, is vanjaar op aandrang van die P.U.K. tennisbestuur tot agt vergroot, 'n stap wat U.P. verwelkom het.

Die P.U.K. het tans geen uitstaande studentespelers nie en teen 'n gedugte span soos die van U.P., is dit noodsaaklik dat tenminste die eerste twee spelers oor genoeg ervaring sal beskik om die gehalte spel van ons span as geheel enigsins vergelykbaar te maak met die van die besoekende span, terwyl die kwessie van wen of verloor hier gladnie die oorwegende faktor is nie. Konstitusioneel is die insluiting van „lektore en dosente" ook geregverdig, aangesien enige persoon verbonde aan die P.U.K. vir ons mag speel.

Die volgende lys name van Intervarsityspelers sal aantoon dat die span oorwegend uit studente bestaan:

Dr. I. Fourie.
Dr. D. P. Smith.
R. S. Buys.
T. Stoffberg.
L. Marasas.
A. Döman.
W. J. van Vuuren.
H. Coetzee.

Die uwe,

R. S. BUYS,

Namens Tennisbestuur.

*Studie in ander lande.*

# STUDIE IN NEDERLAND.

## Prof. Robbertse lig ons hierdie keer in oor studie-omstandighede in Nederland vanwaar hy onlangs van sy studiebesoek af teruggekeer het.

**Die gedagte om „eendag” sy studies oorsee te gaan voortsit en afrond hou ongetwyfeld menige student besig. Nou is 'n oorseese studie sekerlik die moeite werd, dog daar is sekere aspekte van die saak wat gewoonlik uit die oog verloor word. Ons kom weer hierop terug.**

Wanneer 'n mens die „oorsee” intrap besef jy onmiddellik hoe jonk en arm ons kultuur nog is in vergelyking met die Europese. Baie van jou drome oor die „oorsee” gaan dan werklik in vervulling—dit besef jy in die reël egter eers as jy haas moet vertrek.

Gewoonlik land die Suid-Afrikaanse student wat na Nederland gaan daar aan gedurende die maande Oktober tot Januarie, d.w.s. gedurende die noordelike winter. En hier wag die eerste ontnugtering vir hom. Vanuit die sonnige Suid-Afrikaanse somer kom hy nou te staan in die triestige, sombere, koue, nat Hollandse winter. Die kort, somber dae met die gedurige swaar bewolkte lug en reën vir byna drie maande aaneen bring onvermydelik aanvalle van heimwee en swartgalligheid mee.

**Te midde van hierdie „gal”-aanvalle moet hy maar aan die werk spring so goed as moontlik. Dit vereis aanvanklik heelwat aanpassing want die hele onderwysstelsel verskil aansienlik van ons s'n.**

Die middelbare skoolkursus duur vyf of ses jaar. Dit hang af van die rigting wat die leerling kies. Die standaard van hulle eindeksamen is veel hoër as ons s'n, hoër as ons eerste jaar aan die universiteit. Op die „Gymnasium,” een van die drie tipes hoërskole van Holland, neem die leerlinge onder meer ses tale nl. Grieks, Latyn, Frans, Duits, Engels en Nederlands benewens Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Wetenskap, ens. Deurdat die middelbare skoolopleiding langer duur as ons s'n, gaan die leerlinge op 'n ryper ouderdom na die universiteit as wat by ons die geval is nl. op negentien tot twintig en een-en-twintig jaar.

**Die stelsel van universitêre onderwys verskil ook aansienlik van ons s'n, veral wat die metode van eksaminering betref. Aan die universiteit word eers die kandidaatseksamen afgelê, dan die doktorale eksamen en daarna word die student toegelaat om aan 'n doktorsproefskrif te werk. Die kandidaatseksamen word soms met ons Baccaleureusgraad vergelyk, dog die standaard daarvan is sekerlik hoër as die van die Baccalaureusgraad.**

Vir die doktorale eksamen word een hoofvak plus twee byvakke vereis. So kan 'n student byvoorbeeld Wiskunde as hoofvak kies met Natuurkunde en Meganika as byvakke. Voordat 'n student hom kan aanmeld vir die doktorale eksamen moet hy eers sowat ag tentamens in sy hoofvak doen en drie of vier in elk van sy byvakke. Wat is nou 'n tentamen? Soos die werk hier by ons in 'n bepaalde vak ingedeel word vir verskillende vraestelle, word dit daar ingedeel vir verskillende tentamens; 'n tentamen dek egter 'n groter hoeveelheid stof as 'n Magister-vraestel. Sodra 'n student voel dat hy die werk vir 'n bepaalde tentamen onder die knie het, doen hy skriftelik aansoek om tentamen te doen. Die vak-dosent eksamineer hom dan vir ongeveer drie uur skriftelik of mondeling, gewoonlik geskied dit mondeling. Slaag hy, dan het hy een tentamen agter die rug. As al die tentamens afgelê is, wat binne 'n bepaalde tydsbestek moet gebeur, kan die kandidaat hom aanmeld vir die doktorale eksamen. Hy word dan weer op al die werk vir nie langer as drie uur nie, geëksamineer. So'n doktorale studie duur vir die Suid-Afrikaanse student met 'n Magister-graad in die reel vyftien maande tot twee jaar. Dit hang af van die persoonlike rypheid, sy ervarinng, die rigting wat hy wil inslaan en die veld wat hy wil dek.

Na die doktorale eksamen volg die doktorsproefskrif. Die student moet nou maar sy eie potjie krap. Hy kan sy promotor raadpleeg maar moet selfstandig sy navorsing beplan en uitvoer. Die skitterend-toegeruste biblioteke met die rykdom aan tydskrifte is vir hom 'n grooot spoorslag en hulp. Die proefskrif moet na voltooiing daarvan, gepubliseer en in die openbaar verdedig word voor 'n kommissie van professore.

**Die akademiese jaar duur van September tot Junie met 'n kort vakansie gedurende Kerstyd. Gedurende die vakansies is die biblioteke en laboratoria oop en gaan die werk sy normale gang, alleen word geen kolleges gegee nie.**

Alhoewel die klimaat in die winter neerdrukkend is, is dit tog baie bevorderlik en stimulerend vir swaar studie. Gedurende die wintermaande leef die mens daar binnenshuis. Alle geboue is verwarmd en dit is dus 'n plesier om binnenshuis te bly en te studeer. Gewoonweg gaan die student in die oggend na die universiteitsgeboue, neem toebroodjies saam vir die middagmaal en bly daar tot in die middag om vyf uur.

**Aan sport word veel minder gedoen as by ons. Hulle universitêre**

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION
Agents for
KAISER-FRAZER MOTOR CARS AND FEDERAL TRUCKS.
Automobile Repairs — Petrol, Oils, and Greases.
Re-boring, Welding, Battery Charging, Spares, Accessories.
Phone 229. 166, King Edward Street,
POTCHEFSTROOM.

LAAT


# TRANSAFRIKA

**U rigting gee, soos ons tienduisende gehelp het om 'n skitterende sukses van hulle lewens te maak.**

Behalwe die gewone grade is Transafrika se profesionele en handelskursusse dwarsdeur die land bekend. Op hierdie gebied bied ons o.a. lesings in die volgende afdelings aan:—

Sekretarisskap, Boekhou, Rekenmeesters, Bankierseksamens, Eksamens van die Instituut van toelatingseksamen, Notariële- en Administrasie en Handel, Prokureurs-Wetseksamens, Diploma in Handel en Koöperasie.

Ook kursusse van 'n algemene aard soos:—Skryfkuns, Motormeganika, Boukonstruksie en Tekene, Bantoe Diplomas, eweas Myneksamens word deur Transafrika aangebied.




**'N HARTLIKE UITNODIGING.**

U word hartlik uitgenooi om die Registrateur persoonlik in verband met u toekomsplanne en voornemens te kom spreek. Indien dit nie moontlik is nie, vul hierdie koepon in en pos dit aan ons wanneer die nodige inligting onmiddellik aan u verstrek sal word.

**Die Registrateur (Afd. D.W.)**
**Transafrika,**
Posbus 3512, Johannesburg.
Stuur my asb. besonderhede van die volgende:
Kursus(se) ..........
Naam ..........
Woonadres ..........
..........Posbus ..........Tel. Nr..........
Huidige Beroep ..........
Laaste eksamen afgelê ..........
Ouderdom ..........

***TRANSAFRIKA***

Transafrikagebou,
H/v. Harrison- en Wolmaransstr.,
Johannesburg. Foon 44-3768.



# P.U.K. WEN INTERVARSITY TEEN U.P.

**Die 24ste Junie 1950 is beslis een van die dae in die Rugby-geskiedenis van P.U.K. wat nie maklik op die vergeetboek sal kom nie. Op daardie dag het die Theos daarin geslaag om in 'n sprankelende wedstryd 'n oorwinning van 12—11 oor U.P. te behaal en daarmee die Intervarsity te wen.**

Die eer van die oorwinning is grootliks te danke aan **Platbos** wat beslis sy skopskoene aangehad het en nie minder as drie strafskoppe deur die pale kon stuur nie.

**P.U.K. was ongelukkig om reeds in die eerste tien minute vir Fanie weens 'n besering te moes verloor.**

Nogtans was dit deurgaans 'n lewendige en aanskoulike wedstryd. Sommer in die eerste minute het U.P. gevaarlik geraak en 'n onvervyfde drie aangeteken. Kort daarna het **Schwelnuss** egter geantwoord met 'n skepskop. Toe was die gort gaar. U.P. het aanval na aanval geloods. P.U.K. het egter net so hard terug geslaag. **Styger se haakwerk was, nieteenstaande P.U.K. met net sewe voorspelers moes speel, besonder goed.** Daarom kon P.U.K. met **Fires** en **Piet** op die senters op elke aanslag van U.P. antwoord. **Murray** het besonder kalm en veilig op die heelagterposisie baie van U.P. se aanvalle help stuit. Albei spanne het geveg soos Trojane en baie mooi en oop rugby gespeel.

**Die ongeluk sou egter nog weer vir P.U.K. tref want na rustyd moes eers Piet en daarna P. N. Botha die veld weens beserings verlaat. Gevolglik het die Theos by tye uit twaalf spelers bestaan. Dit is dan ook aan die rustige leiding van Stoney te danke dat elke man tot op die einde die vaandel van die P.U.K. hoog gehou het.**

**Die Navy: Op 'n dag wat vir die P.U.K. uitstaande was, was die Navy werklik ongelukkig om in die laaste minuut van die wedstryd 8—3 te verloor.** Nogtans het hulle baie hard en mooi gespeel. Die Navy het daarin geslaag om 'n aanskoulike en besonder spannende tweede-span-Intervarsity-botsing te lewer. Elke speler het sy uiterste gelewer, maar veral het die knap verdediging van **Kaspaas** en **Pierré** die oog gevang.

**O-19:** Die onder-19 A. moes met 16—3 die knie voor U.P. buig. As gevolg van swak samespel was U.P. te sterk vir hulle.

## KLERKSDORP DELF ONDERSPIT TEEN THEOS.

**In 'n onaanskoulike wedstryd het P.U.K. op Saterdag 5 Julie Klerksdorp getrap met 5—3.** Dit was hoofsaaklik 'n harde voorspelerwedstryd, terwyl die agterspelers heeltyd drooggemaak het. Niemand het wind gehad nie, tog kon **Platbos** 'n doel, wat vervyf is, aanteken in die 2e helfte. 'n Onvervyfde 3 deur Klerksdorp het die puntetelling op 5—3 te staan gebring.

## TENNISTOERNOOI TE PIETERMARITZBURG

**Vanjaar is die „Wilcocks-beker"—interuniversitêre toernooi gehou op Pietermaritzburg vanaf 24 tot 28 Julie, en vir die eerste keer het P.U.K. daarvoor ingeskryf. Die vier mans en ses dames het, hoewel hulle nie gewen het nie, tog die P.U.K. se naam hooggehou deur goeie tennis en sportmangees.**

Die dames het Stellenbosch met 9—6 en Natal met 11—4 kafgeloop. Veels geluk! Die mans was ongelukkig om teen Stellenbosch 2—4, en teen Wits, wat die beker gebuit het, 0—6 te verloor na 'n baie aangename wedstryd.

Die ys is egter gebreek, en P.U.K. gaan hopelik weer inskryf.

Namens die spanne en bestuur wil ek graag ons reisouers, **Mnr. en Mev. H. van Rooy**, hartlik bedank, asook **Mnr. Duif Duvenage** vir sy opoffering.

R. S. BUYS (Kapt.)

## MANSHOKKIETOERNOOI TE DURBAN.

**Op 15 Julie het 27 opgewekte Pukke vanaf Johannesburg na Durban vertrek om deel te neem aan die interuniversitêre hokkietoernooi.**

Die ongeluk was egter aan ons kant, en in die eerste wedstryd het **Hennie** 'n lelike hou op sy oog gekry. Teen Kaapstad is hy finaal van die veld af en hospitaal-toe. Ons was sonder reserwes en moes met „geleende spelers" oor die weg kom.

Teen **Wits** het ons met 9 man van die veld gestap, want **Tooitjie** het byna sy neus verloor en **Gert** se ou knie het begin pla. Teen **Rhodes** het die **„International Wanderers,"** bestaande uit 9 **Pukke**, 1 **Tukkie** en 1 Witsie, ook verloor.

Nieteenstaande die neerlae het ons opgewek teruggekeer, want ons het lekker gespeel en P.U.K. se naam ongetwyfeld hooggehou.

Ons wil **Ds. en Mev. Loots**, ons reisouers, baie hartlik bedank vir hulle tegemoetkomendheid sowel as aan **Mnr. Packe, Graszkopf** en **Behaens** van Tukkies en aan **Ken** van **Wits** vir hulle hulp.

Ten slotte: aan elkeen van die groep kom ons hartlike dank en gelukwensing toe.

## DALRYMPLE.

Op die gesigseinder lê die jaar 1951 —die jaarvan alle jare. Nie alleen sal die onafhanklikwording van die P.U.K. gevier word nie, maar ook ander gebeurtenisse lê voor die deur.

**Vir die eerste keer sal die P.U.K. gasheer wees vir die besoekende Dalrymple-atlete, en van die hoogstaande atletiek wat gelewer word, kan net dié getuig wat al so'n byeenkoms gesien het.**

Alle studente word tot entoesiasme en harde oefening opgeroep. Wat die dames betref, is ons bitterlik jammer

(Vervolg op Bls. 10, Kol. 1).




*Wapenskild van* **BARBERTON**

Hierdie pragtig geleë dorp het ontstaan as die sentrum van die goudvelde by De Kaap, in 1875 vir die eerste maal ontdek. Die leuse op die wapen beteken: MET BELEID EN INSPANNING. Barberton se wapenskild simboliseer heel passend sy oorsprong as myndorp, en ook die blom wat sy naam dra—net soos die naam Kommando passend is vir 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret wat nog altyd, eweas in die verlede, vervaardig word van uitgesoekte tabak, gekweek deur Suid-Afrikaanse boere en deskundig vermeng om aan die smaak van Suid-Afrikaanse rokers te voldoen.

**RONDE Kommando**

20 vir 1/-, 50 vir 2/4 gewoon of kurk

**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret.**




***KOOP SUID-AFRIKAANS—***
**—KOOP KOMMANDO**

C 14 A

As jy nie nou ophou neul nie, sal jy die dierlike in my uitbring.

Asseblief nie—ek is vreeslik bang vir muise.

Nog nooit in die geskiedenis van die wêreld is die naam van 'n renegaat ingeskryf op die rol van helde nie.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

EDWORKS (1936)
BEPERK
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

EXCELSIOR MEUBELS
Beperk.

Ons lewer die beste gehalte
MEUBELS
teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:
Foon 743. Kerkstraat 132,

GAMSU-SLAGTERY
(Eienaars: Randse Koelkamers).
Telefoon 76. Posbus 166.
Direkteure:
E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.
Kerkstraat 72,
POTCHEFSTROOM.
Ons verskaf die beste kwaliteit
VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.

F. ZEILER
Potgieterstraat 40. Foon 344.
Potchefstroom
vir al u benodigdhede i.v.m. die Skoonmaak van u woning.
VERF,
GLAS,
PLAKPAPIER,
ens.

# ALABAMA EN TONEEL IS BESIG OM KLUBSAAL-IDEAAL TE VERWESENLIK

**Terwyl die Alabama-Boereorkes die afgelope vakansie 'n suksesvolle toer deur Noord- en Oos Kaapland sowel as deur 'n deel van die Vrystaat onderneem het, het hulle weer op waardige wyse die naam van die P.U.K. vir C.H.O. na buite uitgedra, terwyl hulle aan die stede sowel as verafgeleë plattelandse dorpies getoon het wat dit beteken om waarlik P.U.Kaner te wees, want met sekerheid kan gesê word dat hulle vanjaar die puikste program gedurende die afgelope paar jaar aangebied het, waarin die studentelewe in al sy fases van pret, lief en leed weërspieël word.**

Alhoewel die eerste en vooropgestelde doel die propagering van die P.U.K. in die buitewêreld is, het die afgelope toer ook 'n finansiële sukses beteken, want ten spyte van terugslae wat nie vermy kon word nie **het die orkes die boufonds met meer as £200 gesterk,** terwyl daar nog twee naweektoere na Lichtenburg en Hartebeesfontein in die vooruitsig gestel word. Hiermee kan die Alabama as die vernaamste donateur onder die studenteverenigings beskou word wat die boufonds betref, want gedurende die afgelope vier jaar is seker ongeveer £1,000 in die Boufonds gestort en wanneer hier op die P.U.K. gronde 'n sierlike klubsaal opgerig word, sal met dankbaarheid aan die lede van die Alabama gedink word, sodat ons hulle wil toeroep: „Sterkte ook in die toekoms."

## Toneel.

**Die Toneelvereniging het die laaste paar jaar gewikkel, en onder sy ywerige voorsitters, Mnre. Willem de Klerk, Meester Botha en Danie Erasmus, is daar elke Julievakansie 'n toer onderneem.** In 1948 het hulle **„In die Gewoel"** van E. A. Schlengeman in Oos- en Noord-Transvaal opgevoer. Die voetbalspan het saamgetoer, en hierdie onderneming word nog deur al die deelnemers as 'n baie geslaagde toer onthou. Verlede jaar het hulle met drie eenbedrywe en **„Studentepret"** deur Wes-Transvaal, die Kaapse Middellande en die Vrystaat getoer, en Lappies het saamgegaan as toerleier.

**Noord-Natal aan die beurt.** Orals was die mense baie hartlik, en die feit dat die gehore soms aan die klein kant was, is daaraan te wyte dat „Voorslag" en Stellenbosch ook **dieselfde streke besoek het.** Victor het blyk gegee dat hy weet hoe om 'n toer te organiseer en om dit aangenaam te maak. Soos gewoonlik het ons 'n redelike wins afgewerp, maar nou nie juis sakke vol geld gemaak nie. Oor die laaste jare het ons darem 'n paar honderd pond vir P.U.K.-doeleindes ingesamel, en ons beskou al die toere as goedgeslaagde propagandatoere.



**Na 'n „heerlike" vakansie op die plaas of elders, is dit vir die redaksie van die „Wapad" 'n genoeë om u hartlik terug te verwelkom.**

Ou „Van" wou sy kar verkoop: aan die voorgenome koper verduidelik hy dat die padkaarte ook by die prys ingesluit is.

Nadat die koper die motor gesien het vra hy: „Is daar 'n treintydtafel ook ingesluit?"

## JANNIE'S DREAM.

Jannie Viljoen (may his tribe increase)
Awoke one night from a deep dream of peace,
And saw within the moonlight in his room
Making it rich, and like a lily in bloom
Hannie writing in a pool of gold.
Exceeding love had made our Jannie bold
And to the maiden in the room he said
"What writest thou?" Hannie rais'd her head and said
"The names of those whom I love best."
"And is mine one?" he asked. "Nay, not so,"
Replied Hannie. Jannie spoke more low,
And sadly still, he said: "I pray thee O,
Write mine as well, I love you so."
Hannie wrote and vanished. The next night
She came again with a great wakening light,
And show'd the names of those whom she loves best,
And lo! our Jannie's name led all the rest.

(With apologies to Leigh Hunt).

## *BEPEINSING.*

*„Waarom het jy my verlaat"?*
*het ek aan myself gevra.*
*Ek het jou te lief gehad—*
*Dit is die ware antwoord, ja.*

*Jy het geneem, ek het gegee*
*en daardeur het ék ryk geword;*
*terwyl jy dag vir dag verarm,*
*my liefde deur jou vingers stort.*

*Maar aan myself gun ek geen trane,*
*dit is jou wat ek beklae:*
*Jy's so jonk nog, onervare*
*om alleen jou juk te dra.*

*Nouja, die lewensstroom gly voort*
*Ek gaan gewis nie agterbly.*
*Ek sien blymoedig op die toekoms*
*En—wat verby is, is verby.*

*NIGANDA.*

### HANDLEIDING VAN IMMIGRANTE

Aaklik—Arch light.
Algemeen—Altogether mean.
Armblankes—Army blankets.
Kunsmis—Artificial fog.
Oomblik—Uncle tin.
Plaasvervanger—Farm catcher.
Teegif—Tea poison.
Choke—When ons foreigner tells another.
Circuits—Where one can see lions and tigers without any personal dangers.
Refuse—When another fuse is put in to replace one that is blown.
Certain—Gordyn.
Rumour—Rumoer.
Pugnacious—Puik, Nassie!

## HITCH-HIKE-VERENIGING.

**Voorwaardes vir Lidmaatskap:**

1) Lede se jaarlikse inkomste mag nie die bedrag van £5 (vyf pond) sterling oorskry nie.

2) Lede moet interne studente aan 'n Universiteit wees en met die oog op te veel lede sal hulle ten minste 'n half uur per dag moet studeer.

3) Lede se treingeld moet nuttig spandeer word deur ten minste sewe keer per week te sleep.

4) Lede se bagasie mag nie die noodsaaklikste kleding aan hulle korpus oorskry nie.

5) 'n Lid moet bona-fide aan die manlike geslag behoort.

6) 'n Lid mag hom nie met 'n ouer mobiele meganiese eenheid as 'n 1948 model kompromiteer nie, om sodoende die sterftesyfer onder lede so laag moontlik te hou.

7) Gemiddelde spoed van genoemde eenheid mag nie minder as 75 m.p.u. en nie meer dan 120 m.p.u. wees nie.

8) Genoemde eenheid mag nie minder dan een en meer dan ses wiele hê nie.

9) Dit moet toegerus wees met 'n „all-wave" radiologiese apparaat.

(Word vervolg).

(Vervolg van Bls. 5, Kol. 3).

**gewoontes en opvatting omtrent die akademiese lewe verskil van ons s'n. Hulle akademiese tradisie wat al 'n paar eeue oud is, dra meer die stempel van volwassenheid as ons s'n. Hierdie tradisie gewin steeds aan rypheid en volheid. Ons kan van die Nederlandse studie-geleenthede alleen met die grootste voordeel vir onsself gebruikmaak. Niemand kan sterk genoeg aangeraai word om, as die geleentheid hom mag voordoen om na Nederland te gaan vir verdere studie, daarvan gebruik te maak nie.**

W. P. ROBBERTSE.

(Vervolg van Bls. 1, Kol. 3).

**gegrond is en die enigste suiwere onderwysstelsel is."**

Die kongres, wat in alle opsigte uiters geslaagd was, is afgesluit met 'n dramafees, waarin U.P. Buitemuurs „Mamma het Planne," P.U.K. vir C.H.O. „Sunset in September," P.O.K. „Die Swakkere Vat," U.S. „Fuehte Sagrada" en U.O.V.S. „Mamma het Planne" op die planke gebring het. Hier het Stellenbosch die louere ingeoes.

As ons na die verskillende referate wat op die konferensie voorgedra is kyk, dan merk ons dat daar haas geen gebied waarop die Afrikaanse student hom beweeg, of euwel waarteen opgetree moet word is, waaroor die kongres nie sy weloorweë mening gelug het nie, en ons as breë studentegemeenskap kan werklik dankbaar wees teenoor die persone wat in die verskillende inrigtings aan die spits van die Afrikaanse studentemassas staan om hulle op die regte bane te lei tot welsyn van ons volk en tot eer van God.

*LEES*———

Die Westelike Stem

**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**

———:o:———

**SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.**

(Vervolg van Bls. 7, Kol. 1).
dat die span, as gevolg van onvermydelike omstandighede, Stellenbosch nie kon besoek nie. Hierdie keer staan hulle egter 'n gulde kans om te presteer.

## DIE AAMERIKAANSE SPAN.

Dit is aangenaam om bekend te maak dat **W. C. J. Brink** gekies is vir die gekombineerde universiteite wat wil meeding teen die Amerikaners.

Die span wat op 9 September teen laasgenoemde sal optree is nog nie gekies nie.

## LANDLOOP.

'n Landloop voor die einde van die kwartaal plaasvind. Die roete bly dieselfde. Onthou: daar wag 'n beker!

J. C. STEENEKAMP.

## DAMES-HOKKIE.

**Al die hokkie-entoesiaste sal seker met my saamstem dat die afgelope hokkie-toernooi in Durban sommer piekfyn was. Die reis daarheen was besonder aangenaam en die pragtige Natalse landskap was verfrissend na die winter-dorheid van die hoëveld.** Steve en Lucia het veral die lang tonnels verwelkom . . .' In Durban is ons baie gasvry ontvang en alhoewel ons aanvanklik bietjie ontuis tussen al die Rooies gevoel het, het die gees van kameraadskap spoedig almal baie tuis laat voel. Aangesien P.U.K. en U.P. die enigstes was wat nognie tevore aan so 'n toernooi deelgeneem het nie, het die ander dit blykbaar nie die moeite werd geag hulle sokkies vir ons op te trek nie. Nadat ons egter in ons eerste wedstryd Rhodes 2—1 gewen het is ons al met bietjie meer ontsag behandel. Die uitslag van die verskillende wedstryde was soos volg:

| | |
|---|---|
| P.U.K. vs. Rhodes | 2—1 |
| Kaapstad vs. P.U.K. | 3—1 |
| Maties vs. P.U.K. | 5—0 |
| Wits vs. P.U.K. | 5—1 |
| U.P. vs. P.U.K. | 2—0 |
| Natal vs. P.U.K. | 3—2 |
| U.O.VS. vs. P.U.K. | 0—3 |

Alhoewel ons nie veel oorwinnings behaal het nie vergelyk ons tellings baie goed met dié van die ander en in die totaal het ons 4e gekom saam met Rhodes. Wits se mans en dames het die louere weggedra.

# P.U.K. SE „NUWE SPAN"

**Intervarsity kom al hoe nader. Terwyl daar oral na krete gesoek word, het die voetbalkeurders ook nie stilgesit nie. Hulle het 'n bietjie die versluimerde talent opgesoek en 'n splinternuw span saamgestel. Hier is die span:**

**Heelagter: Iszebrandt de Villiers**—'n beroemde voetbalvan. Sy sal dus definitief nie die span in die steek laat nie. Haar skop- en vangwerk is onverbeterlik, terwyl haar verdediging ondeurdringbaar is.

**Vleuels: Rina Ludolf en Andreé König.** Ongetwyfeld die vinnigste vleuels wat P.U.K. nog ooit gehad het. Eersgenoemde loop 'n man se arms skoon oop, terwyl laasgenoemde oor 'n geweldige afstamp beskik.

**Senters: Salome Erasmus en Thelma Pretorius:** Twee uitstekende senters wat enige man se verdediging omver kan gooi.

**Losskakel: Walkie Snyman.** Aanval is goed. Haar vermoë om 'n bal op enige plek raak te vat, is ongeëwenaard op P.U.K.

**Skrumskakel: Rika Kruger.** Met geweldige lang duik-aangeë laat sy die bal veilig in die losskakel se hande beland. Haar breekslae om die skrum is gevaarlik.

**Voorspelers:** Die haker van die span is **Bets Kruger.** Met die ondersteuning van die twee voorrydrukkers, **Emelia Breedt** en **Hettie Lategan,** behoort sy die bal gereeld (selfs van die vaskopkant) in die skrums te bemeester.

In **Marie Venter** en **Bettie Coetzee** beskik die span oor twee stewige slotte wat ook hoog spring in die lynstane. **Bettie** is nog 'n bietjie onervare, maar **Marie** ken al die fyn kunsies van die spel en kan selfs af en toe 'n harde vuishou ongesiens plant.

Twee vinnige flanke, wat ook reusewerk in die lynstane verrig, is gekies, nl. **Heléne Scheepers** en **Bets Venter.** Die sterkpunt van die span lê ongetwyfeld by hulle agsteman en kaptein, **Monica Venter.** Sy val 'n losskakel baie lastig en dek 'n agterlyn pragtig. Haar gebore leierskap is 'n besieling vir die span.

**Ons wil hierdie span alles van die beste toewens, en hoop dat hulle met eer uit die stryd sal tree.**

## *HERINNERING.*

*Musiek verdof nooit in die hart*
*van hom wat stil ontvanklik luister,*
*maar dit leef voort asof bewaar*
*in windgesuis soos blaargefluister.*

*Al is die orrel lankal stil*
*Tog beef sy klank nog altyd na,*
*En sterf dit in die lugruim weg*
*dan word dit deur die siel gedra.*

*Die hand wat durf 'n blom verbreek,*
*dra onbewus sy geur nog mee . . . .*
*So kleef die sielsherinnering*
*aan afgedane lewenswee.*

*En soos die lente immer die*
*versiering van die jaargety is,*
*So is herinnering 'n skat*
*waarin die ouderdom verbly is.*

*L. S. Kruger.*

**PUKKE**
IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY
**UNIEWINKELS**
AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.
**ONS VOORSIEN REEDS:—**
- **P.U.K.-KLEURBAADJIES.**
- **P.U.K.-DASSE.**
- **P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE.**

UNIEWINEKLS BPK.
**Kerkstraat 45. JOHANNESBURG. Foon 22-4746.**